**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za

# 2018 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | |
|---|---|---|
| **SUBJECT:** | | **AFRIKAANS HOME LANGUAGE** |
| **PAPER:** | | **2** |
| **DURATION OF PAPER:** | | **2H 30MIN** |
| **DATES OF MARKING:** | | **30 NOVEMBER – 12 DECEMBER** |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Die Oos-Kaap het glad nie goed gevaar in Vraestel 2 nie. Dit is baie ontstellend om te sien hoedat die prestasie jaar na jaar verswak. DIt blyk duidelik uit die antwoordstelle dat die oorgrote meerderheid kandidate geen belangstelling in hul studies in Afrikaans Huistaal het nie. Die swak prestasie sê duidelik dat daar 'n reusegebrek aan kennis, insig, werksetiek – en veral motivering – is.
Die kandididate se antwoorde is vaag, onsamehangend, besaai met verkeerde feite en in baie gevalle is die antwoorde onverstaanbaar.
Ja, die vraestel was na my mening heelwat moeiliker as in die verlede, maar eksamengereed was die meerderheid van ons kandidate beslis nie.
Die kandidate moet in die klaskamer nie bloot die teks lees en inhoudsvrae daaroor beantwoord nie.
In enige vorm van voorbereiding – in die klas, individueel, huiswerk, assessering – moet daar na die formate en vraagstelling uit ou vraestelle gekyk word. Dit sal kandidate 'n geleentheid bied om vertroud te raak met stapel- en insigvrae.
Die kandidate moet ook gehelp/geleer word om fyner te lees en op fyn besonderhede te let. Hulle gooi onnodig punte weg omdat hul 'bolangs' en generies antwoord – en nie 'op die man af' nie.

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**
**(It is expected that a comment will be provided for each question).**

| **QUESTION 1 – BESOEKERSBOEK – OPSTELVRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Dit blyk of slegs die braafstes hul hand aan hierdie vraag gewaag het.<br>Die vraag is egter baie swak beantwoord. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die tegniek om ’n goeie opstel te skryf, ontbreek in die meeste gevalle.<br>Die kandidate het nie die vraag korrek geïntepreteer nie – hul moes fokus op hoe die spreker toenemend by mense se pogings om onsterflik te wees, fokus.<br>Die meerderheid kandidate het bloot oor die mens se behoefte aan onsterflikheid – dus die universele tema van die gedig – geskryf.<br>Hul het nie fyn genoeg gelees nie en ongelukkig dan nie diepliggende argumente rondom dié vraag aangebied nie.<br>Die kandidate moes hier ook fokus op die toenemende pogings en daarom vra die antwoord vir ’n mate van progressie: die spreker sien, word bewus, word betrek, het gewaarwordinge … en dan skryf hy/sy eindelik self.<br>’n Gebrek aan behoorlike taalgebruik/woordeskat laat die kandidate ook in die steek.<br>Hul sukkel werklik om sinvolle gedagtes formeel en korrek neer te skryf. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Dit bly doeltreffend om kandidate aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit ’n heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf.<br><br>Begin die opstel met ’n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof ’n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf (“Ek gaan nou bespreek hoe die spreker…”) nie.<br><br>Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens ’n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met ’n VERDUIDELIKING of ’n ILLUSTRASIE uit die gedig te ondersteun. |

Die nasiener is op soek na ’n reeks treffende argumente. ’n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word
- korrekte, gepaste aanhalings uit die gedig gemotiveer word
- geparafraseerde aanhalings uit die gedig gemotiveer word.

’n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.

Eindig die opstel met ’n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Die kandidate se taal- en skryfvermoë baar groot sorg. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.
Diepte van argumente ontbreek ook, wat dan logiese vloei en ’n sterk aanbieding kniehalter.
Dit bly deurentyd belangrik dat daar ’n goue draad deur die opstel loop – wat elke keer terugverwys na die vraag.
Kandidate moet deur vorige vraestelle se memorandums werk en die inligting dan gebruik om ’n eie literêre opstel te skryf. Onderwysers moet die struktuur van die opstel ook in detail met die kandidate bespreek.

Onderwysers moet ook die nasienrubriek goed bestudeer en in julle vakspanne deurtrap sodat seker gemaak word dat die beoordeling dwarsdeur die jaar op standaard is.

Onderwysers moenie regmerkies op die opstelle maak nie. Die uiteindelike punt vir die opstel moenie die aantal merkies wees nie. Gebruik gerus kodes (bv. B vir Besoekersboek) nadat gemotiveerde feite aangebied is, maar weerhou u daarvan om net feite te tel en dan die inhoudspunt daarop te baseer. Lees die nasienrubriek baie mooi om te verstaan wanneer die werk elementêr/gemiddeld/knap/uitsonderlik is.

**QUESTION 2 – eerste worp – KONTEKSTUELE VRAAG**

| General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered? |
|---|
| Die kandidate het het redelik goed presteer. |

| Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions. |
|---|
| Die kandidate wat swak gevaar het, het nie behoorlike kennis van die genre onder die knie nie.<br><br>2.1 Die kandidate het nie by die wie (Suid-Afrikaners) uitgekom nie, maar bloot die pleknaam gegee.<br>2.3 Die kandidate haal nie SLEGS vier OPEENVOLGENDE woorde aan nie, maar skryf die hele versreël neer. Sommige kandidate skryf ook bloot 'versreël 9' in plaas daarvan om AAN TE HAAL soos die vraag vereis.<br>2.4 Die kandidate sukkel om die oerrivierbeddings met oudheid in verband te bring.<br>2.5 Die kandidate gee generiese antwoorde en bring nie die alliterasie in verband met die inhoud nie (die STILTE VAN DIE NAG word beklemtoon).<br>2.6 By vrae oor TEMA moet kandidate na die universele waarheid verwys. Die kandidate moet fyn lees. Die vraag het (vir TWEE punte) gevra om na versreël 19 én 20 te verwys. Die kandidate betrek slegs EEN van die twee reëls en verloor dus maklik die tweede punt. |

| Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning |
|---|
| Tegniese afronding ontbreek en moet onderrig word.<br>Onderwysers moet deurentyd bewus bly van die kognitiewe vlakke wat getoets moet word.<br>Moenie deur die loop van die jaar slegs VLAK 1-vrae toets nie. Behou die verhouding van 40 (vlak 1,2), 40 (vlak 3 – afleiding) en 20 (vlak 4,5).<br>Maak kandidate gewoond aan die VLAK 3-vrae waar afleidings gevra word. Die evaluering en waardering (VLAK 5) – soos die tema en hoe dit by die gedig aansluit - verdien ook gereelde oefening. Dit is duidelik dat sekere kandidate nie geweet het hoe om dié evalueringvraag te beantwoord nie. |

| Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc. |
|---|

| |
|---|
| Kandidate moet aangemoedig word om netjies te werk. Dit is baie moeilik om kandidate die volle voordeel te gee by stapelvrae se beantwoording as dit onnet/deurgekrap (sonder 'n liniaal!) is.<br>Die kandidate moet ook daarop gewys word dat hul die stapelvrae in volgorde moet beantwoord (maar sonder kolpunte!), want dit bly baie moeilik om – veral by die swakker skrifte – antwoorde te volg as dit nie in die korrekte volgorde aangebied word nie.<br>Onthou ook dat ons by 2/3/4-punte al die verskillende antwoorde losstaande van mekaar nasien. Indien 'n fout by die eerste gedeelte van die vraag voorkom, lees verder of die tweede/derde/vierde gedeelte nie moontlik 'n punt verdien nie. |

| **QUESTION 3 – REAKSIE - KONTEKSTUELE VRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die vraag is redelik goed beantwoord. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die kandidate het gesukkel om by die vroomheid/skynheiligheid/andersheid van die aangesprokene uit te kom.<br><br>3.1 Kandidate haal meer as die TWEE opeenvolgende woorde aan.<br>3.4 Kandidate bied generiese antwoorde aan wat nie die funksie van die herhaling in verband met die aangesprokene se skynheidligheid bring nie. Herhaling wil nie bloot IETS beklemtoon nie – sê wat dit spesifiek is wat beklemtoon word.<br>3.5 Die kandidate sukkel om TWEE sake te noem.<br>3.6 Die kandidate sukkel om vir TWEE sake by TWEE kante van die antitese/teenstelling uit te kom. Dit blyk of hul dink dat hul bloot een argumente se twee kante moet wys. Dit het hul egter slegs een punt in die sak gebring. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Onderwysers moet duidelik aan kandidate verduidelik wat die verskil tussen beeldspraak en stylfigure is sodat hul nie onnodig punte verloor wanneer hul die beeldspraak moet benoem (en hul dan stylfigure aanbied) nie.<br>Lei kandidate dat 'n 'gevolgtrekking' (3.5) dikwels – maar nie altyd nie - aan die einde van die gedig is en heel moontlik by die wendingwoord/kontras ('Nei, mattie). |

| |
|---|
| Lei ook kandidate om albei kante van 'n teenstelling te wys vir 1 punt. |

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Kandidate moet kort en bondige antwoorde gee. Indien die kandidaat gevra word om TWEE redes te verskaf, sien ons slegs die eerste twee antwoorde na – al gee die kandidaat die korrekte rede later (as byvoorbeeld sy/haar derde/vierde rede). |

| **QUESTION 4 – TWEE KLEUTERS IN DIE VONDELPARK – KONTEKSTUELE VRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie vraag is die swakste van al die behandelde gedigte-vrae beantwoord. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die vrae was nie altyd billik nie en die kandidate het nie by die memorandum se antwoorde uitgekom nie. Veral vraag 4.3 en 4.6 was baie verwarrend vir die kandidate – en nasieners! Dit was ongelukkig 5 van die 10 punte!<br><br>4.1 Die kandidate kon nie hierdie maklike vraag beantwoord nie omdat hul nie hul begrippe ken nie.<br>4.2 Die kandidate weet nie wat 'n oksimoron is nie.<br>4.3 Die kandidate kon nie woorde aanhaal om die illusie teenoor die werklikheid te wys nie. Hul het in die meeste gevalle slegs die een kant (of illusie of werklikheid) se woord aangehaal.<br>Hierna moes hul twee ANDER funksies (as die van werklikheid teenoor illusie) van die kontraste wys – 'n amperse onmoontlikheid vir 99% van die kandidate.<br>4.6 Die kandidate kon nie die inhoud/tema van die gedig met die tipografiese alleenplasing in verband bring nie. Hul het bloot herhaaldelik gesê dis vir beklemtoning – en nie spesifiek getoon dat die natuur/skoonheid onaangetas sal bly ten spyte van die verskille tussen man en vrou nie. Hierdie vraag was bo die vuurmaakplek van bykans al die kandidate. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Opvoeders moet kandidate lei om fyn te lees om eindelik die vraag korrek te interpreter. Dit is asof die kandidate beantwoord wat hul omtrent die gevraagde gedeelte onthou, maar die fokus/gerightheid is dikwels misgetas. |

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Die woord DITen ALLES is groot vyande in die letterkunde. Ons trek 'n sirkel met 'n groot vraagteken. Die kandidate kan nie skryf 'Die seun wil dit doen' nie. Wat is die dit? Kandidate moet spesifiek wees en volledig en duidelik antwoord. Te veel antwoorde is vaag en begin met 'Hy/Hulle' (wie is die hy/hulle?), want dit (wat is dit?) ...' |

| **QUESTION 5 – BEPEINSING (ONGESIENE GEDIG)** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die kandidate het besonder swak in hierdie moeilike vraag gevaar. Die kandidate het nie geweet wat 'bepeinsing' beteken nie en het in die meeste gevalle gedink dit het met 'pyn' te make. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Dit is duidelik dat die meeste kandidate nie poësie sonder leiding kan interpreteer nie.<br><br>5.2 Baie kandidate weet nie dat klanknabootsing 'n stylfiguur is nie.<br>5.3 Die funksie van die enjambement word bolangs/generies beantwoord. Dit moes in verband met die meeue se aanhoudende beweging of gekras gebring word.<br>5.5 Die kandidate het nie geweet op wie of wat die hart van toepassing gemaak word nie. Hulle het dan ongelukkig ook nie punte vir die TWEE redes verdien nie, want hulk on nie geldige argumente aanbied nie. Die vraag het hul beslis gepootjie.<br>5.6 Aangesien die kandidate nie geweet het bepeising sluit by wonder aan nie, het hul nie geweet wat dit is waaroor die spreker wonder nie. Hul kon ook nie die verband met die titel sien nie. Hierdie vraag is baie swak beantwoord. |

| Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning |
|---|
| Kandidate moet gereeld die geleentheid kry om ongesiene gedigte te beantwoord/oefen. Gee voorbeelde uit ou vraestelle vir u kandidate om as 'n vinnige klastoets te beantwoord en maak hul gewoond aan hierdie soort vraag. Selfvertroue speel hier 'n groot rol en as kandidate gereeld oefenkans kry, sal hulle nie so beangs wees wanneer hul in eksamenomstandighede hiermee gekonfronteer word nie. |

| Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc. |
|---|
| Ons beveel aan dat ongesiene gedigte binne die kandidate se verwysingsveld deurentyd getoets word. Hierdie vraag het ongelukkig veral ons topkandidate se prestasie beïnvloed. Maak seker die keuse van gedigte in skooleksamens is gepas vir die teikengehoor – ten opsigte van woordeskat en beelding. |

| QUESTION 6 – DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE - OPSTELVRAAG |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie vraag is redelik goed beantwoord. Dit was 'n makliker vraag en kandidate kon baie goeie punte behaal. |

| Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions. |
|---|
| Die kandidate wat nie goeie punte behaal het nie, het nie die fantasiekarakters (inhoud) goed geken nie. Hul het deurmekaar geraak met die verskillende fantasiekarakters.<br>Baie kandidate het ook nie die nodige insig gehad om die insig waartoe die Engel vir Iris gebring het, te korrek verwoord nie. |

| Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning |
|---|
| Dit bly doeltreffend om kandidate aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit 'n heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf. |

| |
|---|
| Begin die opstel met ’n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof ’n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf (“Ek gaan nou bespreek hoe die fantasiekarakters…”) nie.<br><br>Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens ’n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met ’n VERDUIDELIKING of ’n ILLUSTRASIE uit die roman te ondersteun.<br><br>Die nasiener is op soek na ’n reeks treffende argumente. ’n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:<br>• relevante verduidelikings gemotiveer word<br>• korrekte, gepaste aanhalings uit die roman gemotiveer word<br>• geparafraseerde aanhalings uit die roman gemotiveer word.<br><br>’n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.<br>Eindig die opstel met ’n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees. |

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Die kandidate se taal- en skryfvermoë baar groot sorg. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.<br>Diepte van argumente ontbreek ook wat logiese vloei en ’n sterk aanbieding kniehalter.<br>Dit bly deurentyd belangrik dat daar ’n goue draad deur die opstel loop – wat elke keer terugverwys na die vraag.<br>Onderwysers moenie regmerkies by die feite in die opstel maak nie. Gebruik kodes (bv. L vir Lelie) wanneer ’n goeie argument (’n standpunt wat met ’n verduideliking/illustrasie ondersteun word) gemaak word. |

| **QUESTION 7 – DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – KONTEKSTUELE VRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie vraag was maklik en die vraagstelling baie eenvoudig en meestal op inhoud |

gefokus. Die kandidate het redelik goed presteer.

**Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die kandidate wat swak presteer het, ken nie die basiese inhoud van die roman nie.

7.2 Die kandidate kon nie nog twee ander karaktereienskappe identifiseer sonder dat hul konteks gegee is nie.
7.5 Die tweede gedeelte van die vraag (die rede waarom Iris nie wil trou nie), het kandidate uitgedaag.
7.8 Die kandidate het gesukkel, want Peter het nooit briewe vir Iris geskryf nie. Hierdie feitefout het kinders laat kopkrap.
7.11 Die kandidate weet nie hoe om so 'n konflikoplosvraag te beantwoord nie.
7.12 andidate weet nie wat 'besin' beteken nie.

**Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Onderwysers moet met die lees van die teks gereeld stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.
Die kandidate moet ook geleer word om nie generiese antwoorde te gee nie, maar die rol van iets of iemand toe te pas op die spesifieke uittreksel/gedeelte wat gegee word. Baie kandidate skryf bloot 'die eerstepersoonsverteller is geskik, want sy/sy gee 'n eerstehandse of persoonlike vertelling'. Dit moet duidelik uit die antwoord blyk hoekom dié soort verteller in die spesifieke verhaalkonteks (reëls waarna verwys word) gepas is.

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Kandidate moet kort en kragtig skryf. Omslagtige antwoorde is nie tot voordeel van die

| |
|---|
| kandidaat nie aangesien nie alles nagesien word as ons slegs 2/3 punte vereis en die kandidaat tien gedagtes neerskryf nie. Dit is ongelukkig ook dikwels ons sterker kandidate wat hul in die voet skiet deur te lang en uitgebreide antwoorde te wil skryf. Fokus baie op die tegniek van kort en bondige beantwoording van vrae.<br>Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf en maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die roman. |

| **QUESTION 8 – MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – OPSTELVRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die opstelvraag is baie swak beantwoord. Die meeste kandidate wat nie goeie punte verdien het nie, ken nie die karakters nie en toon geen tegniek in die beantwoording van ’n goeie opstel nie. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die kandidate vertel die storie in plaas daarvan om die vraag te beantwoord. Die kandidate moet by die vraag bly. Hier het dit gevra hoe die newekarakters Baas tot insig bring dat hy op Manaka moet bly. Die kandidate het ongelukkig net gefokus op die newekarakters se algehele optrede en verbintenis met Baas – en nie die insiggedeelte aangeraak nie. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Kandidate moet daarteen waak om bloot die inhoud van die roman te wil oorskryf, maar moet die vraag korrek lees en interpreteer. Kandidate moet onderrig word om die PVI-metode toe te pas wanneer die langvraag beantwoord word. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit ’n heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf.<br><br>Begin die opstel met ’n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof ’n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf (“Ek gaan nou die konflik in die roman bespreek…”) nie. |

Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met 'n VERDUIDELIKING of 'n ILLUSTRASIE uit die roman te ondersteun.

Eindig die opstel met 'n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie.

Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word
- korrekte, gepaste aanhalings uit die roman gemotiveer word
- geparafraseerde aanhalings uit die roman gemotiveer word.

'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.

Eindig die opstel met 'n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Kandidate ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.<br>Kandidate moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u kandidate uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om 'n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik (bv. M vir Manaka) wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. |

| **QUESTION 9 – MANAKA PLEK VAN HORINGS – KONTEKSTUELE VRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was** |

| **the question well answered or poorly answered?** |
|---|
| Die kontekstuele vraag is besonder swak beantwoord. Kandidate het duidelik nie die inhoud van hierdie roman onder die knie nie. Baie harde werk lê vir 2019 voor indien 'n verbetering in die swak beantwoording van hierdie vraag gesien wil word. Dit is onrusbarend dat die meeste kandidate geen benul het wat hier gebeur of gevra word nie. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die kandidate ken nie die inhoud van die roman nie. Ek vermoed ook dat die vraagstelling die kandidate heeltemal verwar. Hul weet nie wat hul antwoord nie, omdat hulle nie die vrae verstaan nie.<br><br>9.1 Die kandidate kon nie die versorger identifiseer nie. Kennis rondom karakters ontbreek.<br>9.3 Die stapelvraag was baie uitdagend. Die kandidate kon net in enkele gevalle gedeeltes van die vraag beantwoord. Dit wil voorkom of die kandidate nie die vrae verstaan nie juis omdat hulle nie behoorlik kan lees nie.<br>9.4 Die kandidate ken nie die inhoud nie. Hul kan ook nie verhaalgebeure ontleed en afleidings maak nie.<br>9.5 Die soort verteller en sy nadeel was 'n groot uitdaging. Kandidate gee generiese antwoorde en koppel nie die nadeel aan reëls 11 tot15 nie.<br>9.7 Die kandidate kan nie afleidings maak nie.<br>9.10 Die kandidate ken nie die boodskap van die roman nie. Hul weet ook nie wat met konflikoplossing bedoel word nie.<br>9.12 Die identifisering van teksooreenkomste en -verskille is bo die vuurmaakplek van die meerderheid van die kandidate. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Goeie resultate kan nie verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.<br>Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets |

| |
|---|
| kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae. |

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Kandidate skryf die teksgedeeltes in die vraestel net so as antwoorde oor. Dit is baie duidelik dat hul dan geen benul het van wat gevra of verwag word nie.<br>Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf en maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die roman. |

| **QUESTION 10 – VATMAAR – OPSTELVRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Sommige kandidate het die vraag baie goed beantwoord. Dit was ŉ goeie opsie waar kandidate goeie punte kon verdien. Die meeste kandidate het egter nie die basiese beginsels van die literêre opstel onder die knie nie en kon daarom nie goeie punte verdien nie. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die kandidate vertel die storie in plaas daarvan om die vraag te beantwoord. Die kandidate moet by die vraag bly. Hier het dit gevra hoe die newekarakters ŉ voorbeeld in die uitlewing van omgee aan die ander karakters bied. Die kandidate het ongelukkig net gefokus op die newekarakters se algehele optrede en die storie vertel. Die omgeevoorbeeld is nie by die argumentering betrek nie. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Kandidate moet onderrig word om die PVI-metode toe te pas wanneer die langvraag beantwoord word. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit ŉ heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf. |

Begin die opstel met ’n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof ’n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf (“Ek gaan nou die konflik in die roman bespreek…”) nie.

Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens ’n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met ’n VERDUIDELIKING of ’n ILLUSTRASIE uit die roman te ondersteun.

Eindig die opstel met ’n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie.

Die nasiener is op soek na ’n reeks treffende argumente. ’n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word
- korrekte, gepaste aanhalings uit die roman gemotiveer word
- geparafraseerde aanhalings uit die roman gemotiveer word.

’n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.
Eindig die opstel met ’n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| --- |
| Kandidate ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.<br>Kandidate moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u kandidate uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om ‘n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik (bv. V vir Vatmaar) wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. |

| **QUESTION 11 – VATMAAR – KONTEKSTUELE VRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die kontekstuele vraag is swak beantwoord. Kandidate het duidelik nie die inhoud van hierdie roman onder die knie nie. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die basiese inhoudskennis ontbreek.<br><br>11.1 Die kandidate ken nie die basiese inhoud nie.<br>11.2 Die kandidate kan nie verbande tussen die inwoners (kenmerke) en die romantitel tref nie.<br>11.3 Die kandidate ken nie die karaktereienskappe nie.<br>11.5 Die kandidate ken nie die inhoud en chronologie van die verhaal nie.<br>11.6 Die kandidate ken nie die begrip 'sosiomaatskaplik'(e) nie. Hul kon ook nie Kenneth Kleynhans se positiewe verskil aan die sosiomaatskaplike omstandighede koppel nie.<br>11.7 'n Eenvoudige afleiding kan nie gemaak word om die 'ons' te identifiseer nie.<br>11.9 Die kandidate weet nie hoe om die rol-van-die-verteller-vraag te benader nie.<br>11.11 'n Waardeoordeel/Evalueringvraag soos die word onsamehangend beantwoord. Die kandidate weet nie hoe om die vraag te benader nie.<br>11.12 ie kandidate kan nie verskille tussen karakters identifiseer en toon nie. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Kandidate moet daarteen waak om bloot die inhoud van die roman te wil oorskryf, maar moet die vraag korrek lees en interpreteer. Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Goeie resultate kan nie verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.<br>Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets |

kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

| |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Kandidate skryf die teksgedeeltes in die vraestel net so as antwoorde oor. Dit is baie duidelik dat hul dan geen benul het van wat gevra of verwag word nie.<br>Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf en maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die roman. |

| |
|---|
| **QUESTION 12 – onderwêreld – OPSTELVRAAG** |
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die vraag is nie baie goed beantwoord nie, want die meeste kandidate het bloot die storie vertel in plaas daarvan om te toon hoe die sosiale manipulering Greg beïnvloed en hom tot nuwe insigte bring. |

| |
|---|
| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| Die kandidate vertel die storie in plaas daarvan om die vraag te beantwoord. Die kandidate moet by die vraag bly. Hier het dit gevra hoe Eckardt se sosiale manipulering Greg beïnvloed en die kandidate moes verder gaan om Greg se uiteindelike insig aan te dui. Die kandidate het ongelukkig net gefokus op die basiese inhoud rondom kuberkrakery en het bloot die storie vertel. Diepte en insig ontbreek in die meeste gevalle. |

| |
|---|
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
| Kandidate moet onderrig word om die PVI-metode toe te pas wanneer die langvraag beantwoord word. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit ʼn heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf. |

| |
|---|
| Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof 'n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou die konflik in die roman bespreek…") nie.<br><br>Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met 'n VERDUIDELIKING of 'n ILLUSTRASIE uit die roman te ondersteun.<br><br>Eindig die opstel met 'n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie.<br><br>Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:<br>• relevante verduidelikings gemotiveer word<br>• korrekte, gepaste aanhalings uit die roman gemotiveer word<br>• geparafraseerde aanhalings uit die roman gemotiveer word.<br><br>'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.<br><br>Eindig die opstel met 'n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees. |

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Kandidate ken nie hul inhoud goed nie en maak dan feite op soos hul aangaan of begaan feitefoute. Dit word ongelukkig streng gepenaliseer.<br>Kandidate moet literêre opstelle oefen. Deel die memorandums van vorige eksamens aan u kandidate uit sodat hul daardie inligting kan gebruik om 'n goeie opstel te skryf. Kyk dan na die struktuur en aanbieding en maak seker dat u vertroud is met die nasienrubriek. Ons merk nie feite nie (geen regmerkies moet gemaak word nie), maar u kan kodes gebruik (bv. G vir Greg) wat u kan help met u eie gedagtegang soos die opstel nagesien word. |

| QUESTION 13 – ONDERWêRELD – KONTEKSTUELE VRAAG |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie vraag is baie swak beantwoord. Die kandidate het die vraagstelling besonder moeilik gevind en diegene wat nie ’n goeie leesbegrip het nie, het gesukkel om volledige en sinvolle antwoorde aan te bied. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| 13.1 Die kandidate ken nie die basiese inhoud nie. Hul antwoord vaag dat dit na die graad 8’s se ‘inhuldiging’ verwys. Die antwoordfokus is ongelukkig nie in die kol nie.<br>13.2 Die kandidate benoem die soort verteller in plaas daarvan om te sê WIE die verteller hier is. Die kandidate het ook te generies na die voor- en nadeel van die verteller verwys. Hul kan nie bloot sê Greg bied ’n eerlike, geloofwaardige vertelling nie. Hul moes dit in verband bring met die reëls waarna verwys word. Die antwoord moes melding maak van nét Greg wat weet wat op die Trappers nou in die tonnel wag en as nadeel dat hul nie -en net Greg – weet wat op hul wag (nie).<br>13.3 Die kandidate kon in die meeste gevalle net by die kuberkrakery-tema uitkom in die tweede gedeelte van die vraag. Hul het nie op misdaad/korrupsie en die geld- en mag-tema gefokus nie.<br>13.4 Kandidate verloor hul punte omdat hul nie spesifiek is in antwoorde nie. Die kandidate het nie die punt verdien indien hul gesê het dat “Greg niks gedoen het om die misleiding te verdien nie”. Dan het hul bloot ‘nee’ omskryf. Wat is die NIKS? Hul moes die konteks gee.<br>13.5 Die kandidate kan nie verbande trek tussen veranderde karakteropenbaring nie. Hul was ook te vaag in die beantwoording van die was-hy-verras-gedeelte. Hul omskryf eintlik net JA met antwoorde soos “hy het dit nie verwag nie” in plaas daarvan om die konteks van die situasie te gee.<br>13.6 Die kandidate wat nie goed gevaar het in hierdie vraag nie, weet nie wat die woord gesag beteken nie, of ken nie die inhoud van die roman nie.<br>13.7 Die kandidate kon nie ’n afleiding vir die rede vir Eckardt se woorde maak nie. Dit is weer te generies en vaag beantwoord.<br>13.8 Die kandidate weet nie wat ironiese wending beteken nie. Baie wat tog weet wat dit beteken, kon nie albei kante van die ironie aandui nie.<br>13.9 Die kandidate kon nie aflei wat die rede vir die mededeling is nie. Hul het ook nie |

| |
|---|
| die nodige agtergrondkennis om die vraag rondom die vooraf-leerken te kon beantwoord nie.<br>13.10 Baie kandidate het nie hierdie vraag verstaan nie. Ek vermoed die konnotatiewe vraagstelling (ideale prooi) het kandidate gevang. Hul het ook nie geweet wie die wenner van hierdie sosiale manipulasie-pojek was nie. Dit is 'n oopvraag met heelwat moontlikhede – wat net deur die kandidate goed gemotiveer moes word.<br>13.11.1 Kandidate kon nie hul behoorlik uitdruk om uiterlike konflik te illustreer nie. Hul weet ook nie hoe om die vraag rondom konflikoplossing te benader nie.<br>13.11.2 Baie kandidate het met hierdie vraag gesukkel en ek vermoed dat hul nie die woord 'skaakmat' verstaan het nie. Die antwoorde was ook te vaag ("Greg weet nou wat hy weet") maar die nasiener weet nog nie wat Greg weet as so antwoord geskryf word nie. Die kandidate moet konteksspesifieke antwoorde aanbied. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Goeie resultate kan nie verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.<br>Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae. |

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf, maar maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die roman wat ook in die kontekstuele vrae se beantwoording met vrg gebruik kan word. |

| **QUESTION 14 – KRISMIS VAN MAP JACOBS – OPSTELVRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |

| |
|---|
| Die topkandidate het werklik puik werk gelewer, maar die meerderheid kandidate het bloot die storie van Map se tragiese omstandighede vertel. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die tegniek om ’n goeie opstel te skryf, ontbreek in die meeste gevalle.<br>Die kandidate het nie die vraag korrek geïntepreteer nie – hul moes fokus op hoe die tatoeëermerke en die tronk Map/Johnnie se identiteit verander. Hul het dus nie fyn gelees nie en ongelukkig dan nie diepliggende argumente rondom dié vraag aangebied nie.<br><br>’n Gebrek aan behoorlike taalgebruik/woordeskat laat die kandidate ook in die steek. Hul sukkel werklik om hul gedagtes formeel en sinvol neer te skryf. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Dit bly doeltreffend om kandidate aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit ’n heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf.<br><br>Begin die opstel met ’n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof ’n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf (“Ek gaan nou bespreek hoe die spreker…”) nie.<br>Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens ’n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met ’n VERDUIDELIKING of ’n ILLUSTRASIE uit die drama te ondersteun.<br><br>Die nasiener is op soek na ’n reeks treffende argumente. ’n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:<br>• relevante verduidelikings gemotiveer word<br>• korrekte, gepaste aanhalings uit die drama gemotiveer word<br>• geparafraseerde aanhalings uit die drama gemotiveer word.<br><br>’n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie. |

| |
|---|
| Eindig die opstel met ’n kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees. |

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
|---|
| Die kandidate se taal- en skryfvermoë baar groot sorg. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.<br>Diepte van argumente ontbreek ook wat logiese vloei en ’n sterk aanbieding kniehalter. Dit bly deurentyd belangrik dat daar ’n goue draad deur die opstel loop wat elke keer terugverwys na die vraag. |

| **QUESTION 15 – KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die kontekstuele vraag is swak beantwoord. Dit wil voorkom of kandidate nie ’n behoorlike studie van die teks maak nie. Die kandidate moenie bloot die teks lees nie, maar hul moet afleidings kan maak omtrent karakters se optrede, houdings en dialoog. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die kandidate ken nie die basiese inhoud nie en kan nie afleidings uit die teks maak nie.<br><br>15.1 Die kandidate weet nie wat die woord ‘handeling’ beteken nie. Hul skryf ook omslagtige antwoorde – en kom nie by die moordgedagte uit nie.<br>15.2 Die kandidate ken nie die chronologie van die teks nie.<br>15.3 Die kandidate kan nie afleidings maak nie.<br>15.4 Inhoudskennis ontbreek. Die kandidate moet die teks meer as een keer lees – voor elke eksamen weer!<br>15.5 Die kandidate het nie die simboliek kon verstaan nie. Hul weet ook nie wat ‘sosiomaatskaplike omstandighede’ beteken nie. Hul moet hier op die begrippe fokus eerder as om bv. ARMOEDE met teksvoorbeelde te omskryf.<br>15.6 Die kandidate ken nie die struktuurelemente en -funksies nie.<br>15.7 Die kandidate het nie fyn gelees nie en onnodig punte verloor omdat hul nie na |

woorde én dade verwys het nie. Die verkryging van vryheid-vraag is onsamehangend beantwoord.
15.8 Die kandidate kon nie die rede vir die veranderde stemming gee nie, maar die nasieners het ook nie met die memo saamgestem nie. Kandidate moet tog onderrig word om wakker te wees vir vrae oor setmmingverandering – en veral die rede en implikasie daarvan.
15.9 Die kandidate het nie geweet wat 'dramatiese doelstellings' beteken nie. Bestudeer dit agter in die leesgids van die drama!
15.10 Tegniese aspekte (neweteks/toneelaanwysings) is baie belangrik by die assessering van die drama. Baie kandidate het die gedeeltes bloot *italics* genoem! Die ironie rondom die laaste fietsrit is ook swak beantwoord – veral omdat kandidate nie by TWEE redes en by ALBEI kante van die ironie kon uitkom nie.
15.11 Die kandidate het nie geweet wat handeling beteken nie en kon daarom nie die vreugdegedeelte korrek interpreteer nie. Hul sukkel ook om sinisme korrek te verwoord/omskryf. Dis meer as net 'hy is ongelukkig oor…'
15.12 Die kandidate kon nie TWEE kontraste tussen Cavernelis en La Guma uitlig nie, maar het slegs by EEN kontrasterende gedagte uitgekom (Cavernelis is so terwyl La Guma so is – dit verdien slegs EEN punt).

**Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Kandidate moet daarteen waak om bloot die inhoud van die drama te wil oorskryf, maar moet die vraag korrek lees en interpreteer.
Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.

Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller/dramatiese doelstelling bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf en maak kandidate gewoond aan die

| |
|---|
| soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die drama. |

| **QUESTION 16 – MIS – OPSTELVRAAG** |
|---|
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Hierdie vraag is redelik goed beantwoord deur die baie min sentrums wat MIS lees. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
|---|
| Die tegniek om 'n goeie opstel te skryf, ontbreek in die meeste gevalle.<br>Die kandidate het nie fyn genoeg gelees nie en ongelukkig dan nie diepliggende argumente rondom die vryheidsituasie en die moontlike verandering<br>'n Gebrek aan behoorlike taalgebruik/woordeskat laat die kandidate ook in die steek. Hul sukkel werklik om hul gedagtes formeel en sinvol neer te skryf. |

| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
|---|
| Dit bly doeltreffend om kandidate aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Hoewel daar nie nagesien word met die PIV-metode as riglyn nie, bly dit 'n heerlike onderrigbenadering wat verseker dat die kandidaat argumente met voorbeelde uit die teks kan staaf.<br><br>Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof 'n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou bespreek hoe die spreker…") nie.<br><br>Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en dan hierdie PUNT met 'n VERDUIDELIKING of 'n ILLUSTRASIE uit die drama te ondersteun.<br><br>Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:<br>• relevante verduidelikings gemotiveer word |

- korrekte, gepaste aanhalings uit die drama gemotiveer word
- geparafraseerde aanhalings uit die drama gemotiveer word.

ŉ Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.

Eindig die opstel met ŉ kort, samevattende slot – en geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| --- |
| Die kandidate se taal- en skryfvermoë baar groot sorg. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.<br>Diepte van argumente ontbreek ook wat logiese vloei en ŉ sterk aanbieding kniehalter. Dit bly deurentyd belangrik dat daar ŉ goue draad deur die opstel loop wat elke keer terugverwys na die vraag |

| **QUESTION 17 – MIS – KONTEKSTUELE VRAAG** |
| --- |
| **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Die kontekstuele vraag is redelik goed beantwoord, maar daar is ruimte vir verbetering. Dit is duidelik dat sekere sentrums nie gewoond is aan die soort kognitiewe denklvlakvrae wat vereis word nie en sukkel dus om afleidings te maak en evaluering/waarderingvrae met sukses te beantwoord. |

| **Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| --- |
| Die kandidate ken nie die inhoud van die drama nie.<br>17.1 Die kandidate het nie geweet wat 'handeling' beteken nie.<br>17.2 Kennis rondom die simboliek ontbreek.<br>17.3 Die kandidate gee nie TWEE redes nie. In die tweede gedeelte van die vraag kon hul nie by albei kante van die ironie uitkom nie.<br>17.4 Die vraagstelling het kandidate gepootjie. Hul kon ook nie behoorlike afleidings maak nie.<br>17.5 Die kandidate het in die meeste gevalle net die dialoog herskryf sonder om op |

die openbaarmaking te fokus.

17.6 Die verkeerde teksverwysing was nie problematies nie. Die kandidate se basiese kennis van die titelbetekenis ontbreek.

17.7 Die kandidate kon nie binne konteks 'n behoorlike afleiding maak nie.

17.8 Die kandidate het nie geweet wat 'dramatiese doelstelling' beteken nie.

17.9 Die kandidate ken nie die inhoud nie. Hul kon ook nie afleidings rondom stemmingveranderinge raaksien nie.

17.10 Kennis rondom tegniese aspekte ontbreek. Die meerderheid kandidate het na toneelaanwysings/neweteks as *italics* verwys.

17.11 Die konstebel se karaktereienskap kon nie korrek en duidelik gegee word nie. Lang omslagtige verduidelikings is gegee.

17.12 Die kandidate het nie geweet wat ontknoping beteken nie en kon daarom nie hierdie vraag beantwoord nie.

17.13 ie kandidate kon nie beide kante van die konflik gee nie.

**Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Kandidate moet daarteen waak om bloot die inhoud van die drama te wil oorskryf, maar moet die vraag korrek lees en interpreteer. Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Niks kan verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.

Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf en maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insigte en kennis van die drama.